Nuusbrief vir 25 Julie 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

24 Julie 2019

Ons het weer komende Saterdag 'n tuissportdag. Hierdie keer teen Hoërskool Hopefield. U is baie welkom om ons leerders te kom ondersteun en die dag saam met ons te geniet. Baie dankie aan al ons gewillige hande - ouers, afrigters, personeel, borge en leerders wat die dag vir ons moontlik maak. Ons het groot waardering vir elkeen se bydrae sodat ons leerders hul sport kan beoefen.

Sportdag vs Hopefield (tuis)

24 Julie 2019

Komende Saterdag het ons 'n tuissportdag teen Hopefield. Sien die program onder Bronne / "Resources" op hierdie Communicator. Dit is die hersiende program - daar is 'n verandering by netbal Baan A. Diegene van u wat vroeër as vandag die program afgelaai het, moet weer hierdie een aflaai.

Finanskantoor gesluit

24 Julie 2019

Let asseblief daarop dat ons skool se finanskantoor van 5 tot 8 Augustus gesluit sal wees. U sal dus vir hierdie paar dae geen kontant of betalings by die skool kan kom doen nie.

Finansies - algemene inligting (1)

24 Julie 2019

Ons is nou in die tweede semester van die jaar en streng gesproke moet nog net die helfte of minder van u jaarlikse skoolgeld uitstaande wees. U moes dus al ten minste vyf paaiemente betaal het.
Maak asseblief seker dat die totale skoolfonds voor 30 November 2019 betaal is.
Daar is ‘n aantal ouers wie nog 2018 se paaiement, naamlik R1490 gebruik. Die bedrag per maand vir 2019 is R1630. U moet asseblief daarop let dat aan die einde van November 2019 daar dus nog ‘n addisionele R1400 betaal moet wees. Daar is ander ouers wat ander verminderde bedrae ook betaal.
Let asseblief op na die staat wat u nog verskuldig is en deel dit in die oorblywende betaalmaande.

Finansies - algemene inligting (2)

24 Julie 2019

Indien u aftrekorder vir die laaste dag van die maand gestel is, of as u ‘n betaling doen op die laaste dag van die maand of as die betaling oor ‘n naweek geskied, neem dit gemiddeld vier werksdae om op ons bankstate te verskyn, veral as dit boonop vanuit ‘n ander bank gemaak word. Dan sal die betaling eers op die volgende maand se staat verskyn.
Op die maandelikse staat staan altyd die datum tot wanneer die betalings en ontvangstes gerekonsilieer is.
Moenie na die datum heel bo regs kyk nie. Dit is die datum waarop die staat aan u gestuur word.
Moenie die twee datums verwar nie.

Finansies - algemene inligting (3)

24 Julie 2019

Laastens: Onthou om u kind se leerdernommer, van en voorletters as verwysing te gebruik, bv 29876PampoenTK. As daar nog plek oor is, kan u ook die graad en seksie byvoeg, bv 8E.
29876PampoenTK8E - sommer sonder spasies sodat ons soveel as moontlik karakters en inligting kan hê.
Baie dankie vir ‘n hele aantal ouers wat getrou vir u kind se onderrig en opvoeding betaal.

UCT Wiskunde kompetisie

24 Julie 2019

Op 25 April het 19 leerders aan die UCT-kompetisie deelgeneem. Twee van die graad 11-pare en een van die graad 12-pare het meriete toekennings ontvang.
Graad 11-pare: Cara Bester en Talisha van Niekerk; Albert Bester en Louis de Jager.
Graad 12-paar: Liza Eksteen en Joubert du Bois.
Baie geluk aan elkeen van julle!

Eisteddfod prestasies

24 Julie 2019

Ons het die volgende pragtige uitslae van Wes-Boland Eisteddfod ontvang:
Jessica Vorster: 'Poetry' Cum Laude 90%+, Voordrag Cum Laude 90%+, Prosa Cum Laude 90%+.
Juanine van der Berg: Onvoorbereide Lees Cum Laude 90%+, Voordrag Cum Laude 90%+.
Fred Turner: 'Poetry' Cum Laude 90%+.
Jaziél Burrows: 'Poetry' Cum Laude 90%+, Voordrag Cum Laude 90%+, Prosa Cum Laude 90%+.
Baie geluk aan hierdie leerders!

Rugby uitslae

24 Julie 2019

HSS vs Stellenbosch:
O/19A wen 38-14, O/19B wen 73-19, O/16A wen 33-5, O/15A verloor 24-28.

Hokkie uitslae

24 Julie 2019

HSS vs Stellenbosch:
Seuns: 19A wen 2-0, 19B verloor 1-2, 16A wen 2-0, 16B gelykop 0-0.
Dogters: 19A wen 2-0, 19B wen 3-0, 16A wen 2-1, 16B wen 10-0, 16C verloor 1-3.

Netbal uitslae

24 Julie 2019

HSS vs Stellenbosch:
O/18A wen 34-21, O/18B wen 26-15, O/18C wen 25-4, O/17A wen 25-1, O/16A wen 17-15, O/16B wen 16-11;
O/15A wen 39-12, O/15B wen 26-18, O/15C verloor 8-11, O/14A wen 22-10, O/14B wen 17-16, O/14C wen 28-14, O/14D wen 17-10.

Wiskunde Lenteskool vir graad 12

24 Julie 2019

Daar word gedurende September 'n Wiskunde Lenteskool vir graad 12-leerders aangebied en wel vanaf Maandag 23 September tot Vrydag 27 September.
Die kursus behels 2 ure per dag vir die 5 dae. Tye sal ooreengekom word. Volledige opsommings, aantekeninge en oefeninge word verskaf wat leerders tuis moet voltooi. Vir goeie resultate is dit baie belangrik dat leerders hul volle samewerking in dié verband gee. Vir verdere besonderhede en detail kan me Elsie Oosthuizen by 082 378 6830 gekontak word. Bevestig asseblief voor of op Donderdag 12 September 2019.

My School en Woolworths (1)

24 Julie 2019

U is reeds bewus van die My School fondsinsameling waarvan ons deel is. As u by deelnemende besighede koop, 'swipe' u bloot u My School kaart en ons skool kry dan 'n insentief. U moet egter seker maak dat die begunstigde op u kaart wel Hoërskool Swartland is. As dit nie is nie, kan u dit verander deur hul webtuiste te besoek by: www.myschool.co.za
Indien u vir 'n nuwe kaart wil aansoek doen, kan u dit ook via hierdie webtuiste van hulle doen of by mev De Klerk by die skool hulp vra. Ons wil u vriendelik vra om ook deel te vorm van hierdie My School projek.

My School en Woolworths (2)

24 Julie 2019

Lys van deelnemende besighede in Malmesbury area (My School):
• Woolworths Foods Malmesbury, Woolworths Wellington, Woolworths Paarl Mall & alle Woolworths winkels landwyd, asook Woolworths Online en Versekering.
• Engen Quickshop & Woolworths Foods @ Engen Smuts & Koch, Malmesbury
• Wimpy @ Engen Smuts & Koch, Malmesbury
• Primatyre Malmesbury
• Bidvest Waltons Paarl, alle Waltons winkels landwyd & Waltons Online.
• Henk Moolman Oogkundiges in Wellington.
• Engen Paarl Village & Engen Darling & Quickshops landwyd
• Engen Darling - diesel
• Loot www.loot.co.za
• Flight Centre Paarl – Red Label Holidays
• WorksheetCloud www.worksheetcloud.com
Woolworths het op die oomblik reuse afslag en uitverkopings op verskeie areas in hul winkels.

Tersiêre instansies inligting

24 Julie 2019

UCT se sluitingsdatum vir aansoeke is: 31 Julie 2019
Prestige Academy opedag: 27 Julie van 09:00 - 15:00
Funza Lushaka-beurs vir onderwys - aansoeke sluitingsdatum: 31 Julie 2019

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

24 Julie 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

24 Julie 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

KALENDER vir 25 Julie 2019 - 1 Augustus 2019

25th Julie 2019
Vaste Bates vergader 18:00

26th Julie 2019
Groepfoto's

26th Julie 2019
Dink of sink kompetisie

27th Julie 2019
Sportdag vs Hopefield (tuis)
Gr 8B aan hekdiens

27th Julie 2019
Landlope te Robertson

29th Julie 2019
Finanskomitee vergader 18:00

29th Julie 2019
Gholf vs Vredenburg (weg)

30th Julie 2019
BL Subkom. Fondse en oudstudente vergader
18:00

30th Julie 2019
Studiekursus 18:00

31st Julie 2019
Wiskundetoets

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Sport vs Hopefield 27 Julie 2019 (tuis)

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d384b162e547966567426.doc

Godsdiensbeleid

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d306b9e8659e183625716.pdf

Gesonde omgewingsbeleid

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d306b7136aca472071824.pdf

Finansiële beleid

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d306b4f8c412654835994.pdf

Ekstra vak beleid

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d306b2229ec6728911017.pdf

Dwelmbeleid

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d306b0432657441504879.pdf

Julie 19 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d305999c2db8895604140.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.